

Libertas-ontwikkeling: 'Skenking sal geen rol speel in besluit'

NETWERK24

14 Julie 2023

Malherbe Nienaber

Skenkings van miljoene rande aan die DA gaan nie 'n rol speel in die oorweging van aansoeke vir 'n ontwikkeling op Stellenbosch se dorpsgrense nie, volgens die burgemeester.

Gesie van Deventer, burgemeester, het Donderdag gesê 'n besluit oor aansoeke vir die voorgestelde Libertas-ontwikkeling sal suiwer aan die hand van beplanningswetgewing gemaak word.

Die DA, wat in dié munisipaliteit regeer, het vandeeweek ook gesê skenkings van R35 miljoen wat in die vorige twee boekjare ontvang is, gaan nie sy munisipaliteite beïnvloed nie.

Dié skenkings is volgens die Verkiesingskommissie (OVK) se kwartaallikse verklarings deur Fynbos Ekwiteit en Fynbos Kapitaal gemaak.

Michiel le Roux, medestigter van Capitec, dien as direkteur van albei ondernemings en sy familietrust het 'n meerderheidsaandeel in 'n maatskappy met minder as 50% aandeelhouding in die maatskappy Fleurbaai.

Fleurbaai besit sowat 120 ha van die plaas Libertas, waarop die ontwikkeling beplan word, en waarvan daar beoog word om op 55 ha te bou.

Minstens 2 000 inwoners het 'n beswaarskrif geteken teen die aansoek om die plaasgrond te hersoneer en af te wyk van munisipale beleid om op die dorpsgrense te ontwikkel.

Die Libertas-ontwikkeling by Stellenbosch

'n Aansoek om hersonering en afwyking van die Stellenbosch-munisipaliteit se beleid om op die dorpsgrense te ontwikkel, is ingedien vir dele van Plaas 1040, 1480, 371 en 372.



Bron: First Plan

THEUNS KRUGER, Netwerk24-grafika

Sedert die aansoek vir hersonering ingedien is, het die Stellenbosch-belangegroep, -belastingbetalersvereniging en -erfenisstigting onderskeidelik en Die Boord-belangegroep en Brandwacht-aksiegroep besware ingedien.

Dit sluit in klagtes oor die uitwerking op verkeer in die gebied en veral deur woonbuurte, sowel as dat studies oor die impak op die omgewing, verkeer en erfenis eers uitgevoer moet word.

Die aansoeke om hersonering en afwyking van die raamwerk vir ruimtelike ontwikkeling is in April vir kommentaar uitgereik en 'n openbare vergadering is op 30 Mei oor die voorgestelde ontwikkeling gehou.

By dié geleentheid het Bun Booyens, voormalige redakteur van Die Burger, gevra of enigiemand met 'n verbintenis aan die ontwikkeling geld aan die DA geskenk het.

In sy beswaarskrif noem hy dat die ontwikkeling moontlik die grootste enkele dorpsuitbreiding in die Eikestad se geskiedenis kan wees, met groot en blywende gevolge vir die omliggende buurte en die dorp.

“Waar daar die geringste persepsie van onbehoorlike beïnvloeding by 'n multi-miljardrand-ontwikkeling kan wees, verg dit 100% deursigtigheid. Daar kan min sprake van goeie trou wees as sulke syfers nie uit eie beweging volledig deur albei partye aan die publiek deurgegee word nie, tesame met besonderhede oor die interne wigte en teenwigte om onbehoorlike beïnvloeding te verhoed.”

Francois Dercksen, 'n prokureur en ontwikkelaar van die De Bosch-landgoed, het toe ook vrae oor die burgemeester se rol as appèlgesag gevra en of dit nie tot 'n belangebotsing kan lei nie.

“Daar is byna 2 000 beswaarmakers, so ons kan aanvaar dat iemand gaan appelleer,” het hy Woensdag gesê.

Indien 'n appèl teen die munisipale beplanningstribunaal se besluite ingedien word, sal Van Deventer ingevolge die verordenings vir grondgebruik as die appèlgesag dien.

Sy het Donderdagoggend by navraag bevestig geen aansoek dien tans voor haar nie en “dit is dus spekulasie of daar wel so 'n aansoek in die toekoms sal wees”.

Bewerings dat sy 'n besluit strydig met die wetgewing sal neem, is as “lasterlik en ongegrond” verwerp.

Met aansoeke van dié aard word die burgemeester deur onafhanklike senior regslui van raad bedien om die regte besluit te neem en het belanghebbers ook die reg om regslui aan te stel om hulle te verteenwoordig.

“Politiek speel dus geen rol hierin nie en dit word suiwer op beplanningswetgewing besluit. Enige besluit is onderhewig aan hersiening deur die hooggeregshof.”

In die afgelope week is berig dat die ontwikkeling oor 20 jaar ekonomiese voordeel van byna R10 miljard vir Stellenbosch kan inhou, insluitend beleggings van R5 miljard en belasting van R25 miljoen per jaar aan die munisipaliteit.

Dion George, voorsitter van die DA se federale komitee oor finansies, het Dinsdag bevestig nog 'n skenking is sedert Mei ontvang en dat dit nog ingevolge wetgewing openbaar gemaak moet word.

“Ons het geen kommer dat skenkings aan die party die besluite van munisipaliteite kan beïnvloed nie. Daar is die duidelike skeiding tussen party en staat wat die DA baie ernstig bejeën, en ons departement vir fondsinsameling werk onafhanklik van enige regeringstruktuur.”

Le Roux het Dinsdag gesê hy is nie betrokke by die ontwikkeling nie en dat sy skenkings openbare kennis is.

Tom Ferreira, woordvoerder van die Libertas-ontwikkeling, het bevestig dat Le Roux se familietrust die meerderheid aandele in die beleggingsbeheermaatskappy Rational Expectations besit, wat op sy beurt minder as 50% aandeelhouding in Fleurbaai het.

Ferreira het ook gesê die ontwikkelaar het geen insae oor Le Roux se skenkings nie en hy is nie betrokke by Fleurbaai nie, nie eens as direksielid nie.

“Die ontwikkelaars het derhalwe geen kommer dat skenkings wat Michiel le Roux in sy persoonlike hoedanigheid gemaak het, gesien kan word as 'n wyse om die munisipaliteit of die DA te beïnvloed nie.”

Die stadsbeplanner First Plan het die afgelope week bevestig dat Fleurbaai saam met die AC Blake-familietrust die landbougrond besit en dit tans aktief bewerk.

Indien al die nodige goedkeurings ontvang is, word 'n leefstyl-woonbuurt met sowat 1 200 wooneenhede, winkels, kantore en ontspanningsgeriewe beoog.

Die res van die 126 ha gaan steeds vir landbou aangewend en die natuurlike plantegroei behou word.

Insette deur inwoners word tans deur die munisipaliteit se departement vir beplanning verwerk, waarna dit voor die beplanningstribunaal sal dien.

Dié tribunaal is 'n onpartydige en demokraties verkose liggaam waarin die burgemeester nie dien nie, aldus die munisipaliteit. Dit is nog nie bekend wanneer 'n besluit oor die aansoeke openbaar gemaak gaan word nie.

First Plan het verlede week aan Netwerk24 gesê die families van Le Roux en Paul Harris, medestigter van RMB, besit deur Fleurbaai die meerderheidsaandeel in die grond waar ontwikkel gaan word.

“Die Le Roux- en Harris-families beskou die voorgestelde ontwikkeling as 'n geleentheid om die groei van Stellenbosch op 'n positiewe manier te beïnvloed en te

verseker dat die ontwikkeling getrou bly aan die unieke karakter en ryke geskiedenis van die dorp.”

Meer oor die Wet op die Finansiering van Politieke Partye

Dié wetgewing het in April 2021 in werking getree nadat dit in 2018 in die Nasionale Vergadering en Nasionale Raad van Provinsies goedgekeur is en die president dit die jaar daarna onderteken het.

Die wet maak voorsiening vir 'n fonds om partye in die parlement en provinsiale wetgewers te finansier en verplig dat skenkings aan die OVK verklaar word.

Dit vereis dat alle skenkings van meer as R100 000 verklaar word en beperk 'n enkele skenker om nie meer as R15 miljoen te bewillig nie.

Die presidensie het in 2021 beloof dat die wetgewing vertroue in die demokrasie gaan help uitbou, burgers gaan bemagtig met toegang tot inligting en dat dit deel uitmaak van die regering se verbintenis tot deursigtigheid en verantwoordbaarheid.

Sedertdien het die OVK skenkings vir elke kwartaal van die afgelope twee boekjare bekend gemaak.

Die DA was gekant teen die wetsontwerp en het betwyfel dat dit skenkings aan partye deursigtiger gaan maak of die demokrasie gaan baat.

Truth Be Told

2 dae gelede

Skelmbosch raak nou die baken van korrupsie en geldmag in die mooie Wes-Kaap . . . en die DA is sluwer en skelmer as wat die ANC kan droom om te wees . . . so jammer dat die klomp witgepleisterde Mammon-aanbidders soveel MAG in die Wes-Kaap het - hoeveel geld het die DA nou weer van die Bill & Melinda Gates Foundation gekry ?

Staansaam

1 dag gelede

.In antwoord op Truth Be Told

Ek is n inwoner van die Boord, en stem nie met jou saam nie. Hoekom voel dit vir my of jy deel is van ASA?

Privilegie

2 dae gelede

Rêrig Gesie. Dink jy vir een oomblik die DA beheerde munisipaliteit sal die ontwikkelingsplanne van sy grootste skenker afkeur? Alle politieke partye is op die ou einde dieselfde - mag & ekonomiese geleenthede vir die gekonnekteerdes - net die metodiek & T hemde wat verskil.

Ribbekas

2 dae gelede

‘Die tribunaal is onpartydig’ WERKLIK? Mev Christine Havenga, die nuutverkose voorsitter van die tribunaal, is ook ‘n lid van die stadsbeplanners wat die aansoek namens die ontwikkelaars doen. ETIES? Kan NW24 asb ondersoek instel na die growwe onetiese praktyk.

Privilegie

2 dae gelede

.In antwoord op Ribbekas

Stellenbosch Munisipaliteit volg nou vinnig inWim se voetspore. Malena het dalk 'n punt beet wanneer hy na die Stellenbosch mafia praat. Mammon praat harder as enige etiek

Pieter z

2 dae gelede

Die verkeersdruk in Stellenbosch is reeds ongeloflik erg. Sedert ek in die middel sestigs 'n student was, het die karakter van die dorp ook baie verander - ongelukkig nie ten goede nie. Ek is erg gekamp teen verdere uitbreidings. Soos 'Maak dinge beter' tereg opmerk in sy kommentaar dat iets waardevols vir ewig verlore sal wees. Die stelling van die burgemeester "Skenkings van miljoene rande gaan nie 'n rol speel.....". Ek sal dit maar sagkens stel en sê dat sien glo is.

En dan ten slotte: Le Roux se stelling dat hy nie betrokke by die ontwikkeling is nie. Wel nie betrokke nie, maar wel 'n belang via sy familietrust wat 'n aandeel het in 'n maatskappy wat 'n aandeel het in die grond waarop die beoogde ontwikkeling sal plaasvind, indien goedgekeur. Le Roux sal dus uiteindelik deel in die winste.

Niel van Heerden

2 dae gelede

Ek sien nie een rot nie maar sommer 'n paar rotte. Ek is nie betrokke by die Ontwikkeling nie maar die helfte van die grond behoort aan my.

Maak dinge beter

2 dae gelede

Die Romeinse genius loci (Engels "spirit of the place") van Stellenbosch is besig om te verander. Van taal tot die omgewing, tot 'n manier van hoe dinge gedoen word. En helaas, nie altyd ten goede nie. En baie binnekort het Stellenbosch dieselfde probleme as Gauteng se stedelike Universiteite. Misdaad, verdringing, stedelike verval, privaatsektor behuising vir studente van enorme afmetings. Sommiges sal hieruit baat en goed baat. Vir ander sal iets waardevols vir ewig verlore wees.